



Biosekuriteits- module BSM11

DRINKWATERMONITERING

DOELWIT

Om beskrywende riglyne te verskaf vir die monitering van die gehalte van drinkwater en die mate waarin drinkwaterstelsels vir volstruise skoongehou en onderhou word volgens die vereistes wat in BSM10 uiteengesit is. Hierdie BSM11 moet in samehang met BSM10: Drinkwaterbehandeling gebruik word.

DRINKWATERSTELSELS

Hierdie BSM spesifiseer die vereistes vir die monitering van die drinkwatergehalte op geregistreerde volstruisplase.

1. Drinkwatergehalte (pH en vrye chloor) moet minstens een keer per week getoets word (verkieslik twee keer per week) by die watertrôe naaste en verste aan die chloortoedienstelsel onderskeidelik. Die boer moet die gemete data nagaan om vas te stel of dit aan die vereistes, soos uiteengesit in BSM10, voldoen. Indien nie, moet die nodige aanpassings aan die drinkwaterbehandelingstelsel gemaak word.
2. Rekords van die gemete drinkwatergehalte moet ten minste 5 jaar lank deur die boer gehou word vir toegang daartoe en hersiening daarvan gedurende plaasoudits.
3. Vloeitempo van die waterverbruik in elke aparte drinkwaterstelsel wat deur 'n pyplyn voorsien word (’n aparte drinkwaterstelsel word gedefinieer as ’n stelsel met sy eie waterbehandelingstelsels) moet twee keer per week met ’n gekombineerde vloeimeter gemeet en opgeteken word.
4. Plase wat drinkwater deur middel van waterkarre voorsien moet rekord hou van hoeveel vol waterkarre per maand aan die volstruise voorsien word.
5. Die data van die vloeitempo sal maandeliks deur die Ouditeur (sien BSM21) nagegaan word om die rusperiode en daaglikse waterverbruiktempo’s van volstruise te bereken om te bevestig dat die vloeitempodata sinvol is en ooreenstem met die parameters van die stelsel se ontwerp.
6. Fakture vir alle waterbehandelingschemikalieë aangekoop, uitgemaak in die naam van die geregistreerde plaas, moet gehou word.
7. Die Ouditeur sal drinkwatermetings vir pH en vrye chloor by ten minste 10 watertrôe doen (insluitende die naaste en verste trôe) verkieslik deur geskikte, gekalibreerde elektroniese meters te gebruik.
8. Die Ouditeur sal ’n maandelikse monster vir drywende deeltjies en mikrobiologiese analise by die watertrog met die laagste meting van vrye chloor neem. Hierdie monster sal in ’n voorgeskrewe, steriele manier geneem en koel gehou word totdat dit aan die toetslaboratorium gelewer kan word. Die monster moet binne 24 uur aan die laboratorium gelewer word. Monsters sal vir drywende deeltjies, enterobakterië (fekale koliforms), E.coli en standaardplaattellings getoets word.
9. Verlangde vlakke vir hierdie drie mikrobiologiese parameters in die watervoorraad is soos volg:
 - Enterobakterië 0/ml
 - E. Coli 0/ml
 - Totale plaattelling < 1000/ml
10. As die maandelikse mikrobiologiese monsters nie aan die bostaande vereistes voldoen nie, moet ’n veearts geraadpleeg word, sodat meer gedetailleerde monsters geneem kan word om die bron van die drinkwaterbesoedeling te bepaal.
11. Rekords van alle watervloei- en gehaltemetings asook rekords van die skoonmaak van watertrôe moet in die **Vorm BSM11/002: Maandelikse Drinkwaterverslag** opgeskryf en vir ’n periode van 3 jaar op die plaas gehou word vir inspeksie.

METODES VAN MONITERING

12. Die pH van die water moet gemeet word deur swembad water toetse, toets-strokies of elektroniese pH meters te gebruik.
13. Vrye chloor kan ook gemeet word deur swembad water toetse, toets-strokies of elektroniese chloor meters te gebruik.

NOTA: Hierdie BSM moet tesame met die Vorm BSM11/002: Maandelikse Drinkwater Verslag gebruik word.